Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 19 (5 – 12 Junie 2026)**

## ***SPORT***

**KENNIS VAN VOLGENDE WEDSTRYDE**

Ons wil net graag weer die volgende datums vir ouers deurgee vir kennisname:
23 Junie – Jakkies vs Hopetown te Hopetown – Rugby en netbal
24-25 Julie – Platteland vs Grey sportnaweek (tuis) – Rugby en netbal
Vind Hopetown se program aangeheg.

**UITSLAE O/11 RUGBY TE TROMPSBURG**




**TENNISOEFENTYE TYDENS DIE EKSAMEN 8 JUNIE – 22 JUNIE:**

| | **Graad:** | **Tyd:** |
|---|---|---|
| **Maandae** | Gr.R | 10:30 – 11:30 |
| | Gr.3 | 12:00 – 13:00 |
| **Dinsdae** | Gr.1 | 10:30 – 11:30 |
| | Gr.4&5 | 12:00 – 13:00 |
| **Donderdae** | Gr.2 | 10:30 – 11:30 |
| | Gr.6&7 | 12:00 – 13:00 |

Slegs Graad 1-3 leerders kan die dag van tennisoefening met sportklere skool toe kom.

**RUGBY- EN NETBALOEFENTYE IN DIE EKSAMEN 8 JUNIE – 22 JUNIE:**
Alle spanne oefen op 'n ***Woensdag***.
***Netbaloefening*** sal as volg wees:

| **Spanne:** | **Tyd:** |
|---|---|
| o/7, o/8, o/9 en o/10 | 10:30 – 11:30 |
| o/11, o/12 en o/13 | 12:00 – 13:00 |

***Rugbyoefening*** sal as volg wees:

| **Spanne:** | **Tyd:** |
|---|---|
| o/7, o/9, o/11 en o/13 | 12:00 – 13:00 |
| o/8 | 10:30 – 11:30 |

**GIMNASTIEK**
Baie geluk aan die gimnaste wat Saterdag, 30 Mei, aan 'n artistiese kompetisie vir seuns en dogters by Central Finity in Bloemfontein deelgeneem het en medaljes verower het:
**Level 1 Meisies Artisties:**
Rodé Meintjes – Goud
Cahrli Williams – Goud
Liané Cloete – Silwer
Kiara Kruger – Silwer
Mienke Fox – Silwer
Milandri Fourie – Silwer
Milandi Lubbe – Brons
**Level 2 Meisies Artisties:**
Stephnie Lombaard – Goud
Aneska Strydom – Silwer
Magriet Meintjes – Silwer
Linke Moolman – Brons
**Level 3 Meisies Artisties:**
Zarah Faber – Brons
Liahmé Williams – Brons
**Seuns 7 jaar Artisties:**
Driaan Botha – Silwer
**Seuns 8 jaar Artisties:**
Esra Meintjes – Brons
**Seuns 9 jaar Artisties:**
Nicah Faber – Goud
Dawid Strydom – Brons
Frederik Botha – Deelname

**SKAAK**
Baie sterkte aan die leerders wat môre, Saterdag, 6 Junie, aan die Xhariep-skaakproewe in Trompsburg gaan deelneem.

## LEERDERS

**GR 7'S KOOK SOP VIR JEUGDAG**
Die graad 7-leerders begin al Dinsdag, 9 Junie heerlike sop kook vir die hele skool wat ons op Woensdag, 10 Junie sal geniet. Sien aangehegte advertensie.
Ons benodig sopbene, groente, pasta en soppakkies. Indien u wil skenk, stuur asb. Maandag, 8 Junie kantoor of boekstoor toe.

**GRAAD 4 KOEKIEVERKOPING**
Die graad 4-klas hou Maandag, 8 Junie hulle koekieverkoping. Bring gerus 'n geldjie saam om hulle te ondersteun.

**PRYSUITDELING BALKIES INHANDIG**
Leerders moet asb. Maandag, 8 Junie, hul balkies wat hulle vir Kwartaal 1 se prysuitdeling ontvang het, by die kantoor gaan inhandig.

## OUERS

**EKSAMENROOSTER**
Vind weer die eksamenrooster aangeheg.
Help asb. u kind om goed voor te berei en moet hul nie onnodig uit die skool uit hou nie.
Indien u kind siek is, kan hy/sy net kom skryf en daarna verdaag, hetsy u 'n siekbrief kan toon.

**BEGIN- EN UITKOMTYE GEDURENDE DIE EKSAMEN**
Die skool sal vanaf Maandag, 8 Junie om 08:00 begin vir **alle** leerders en sal dan ook op die volgende tye verdaag:
- Gr R-3 : 12:00
- Gr 4-7 : 13:00

**COXAXIE VIRUS (Hand-, voet- en mondsiekte)**
Lees asb. die onderstaande skrywe vir kennisname oor die virus wat die rondte doen.

Coxaxie Virus is 'n baie algemene virus wat veral gedurende die skooljaar onder kinders kan versprei.
Die virus is die hoofoorsaak van die bekende **"hand-, voet- en mondsiekte"**

Hoewel dit baie aansteeklik is en vir 'n paar dae ongemak kan veroorsaak, is dit gelukkig gewoonlik nie ernstig nie en herstel die meeste kinders vinnig met 'n bietjie rus.

Kinders wat koorsig voel, sieker word , en baie seer mond en keel het, kan ook behandel word met voorskif medikasie wat die herstel soms vinniger maak.
Anders,met ligte gevalle net simptomaties behandel, rus, vloeistowwe, pyn en koors medikasie en antibakteriele mondspoel of keelsproei.

Wat is die simptome?
Die virus begin dikwels met 'n ligte koors, 'n krapperige keel en 'n lae energievlak. Binne 'n dag of twee kan daar klein, pynlike blasies of swere in die mond verskyn, asook 'n kenmerkende uitslag van klein rooi kolletjies of blasies op die palms van die hande, die sole van die voete en soms op die boudjies. Dit kan dit soms vir kinders pynlik maak om te sluk, so dit is belangrik om seker te maak hulle drink genoeg vloeistof.

Hoe versprei dit en wat kan ons doen?
Omdat kinders by die skool nou met mekaar speel, versprei die virus maklik deur direkte kontak, hoes, nies, of deur aan besmette oppervlaktes en speelgoed te vat. Die beste wapen teen die Coxsackie-virus is **goeie higiëne**.

Ons moedig alle leerders aan om:

* Hul hande gereeld en deeglik met seep en water te was (veral ná 'n toiletbesoek en voor ete).
* Hul monde toe te maak wanneer hulle hoes of nies (verkieslik in die buig van die elmboog).
* Nie eetgerei, waterbottels of handdoeke met maats te deel nie.

Belangrike kennisgewing vir ouers:

Indien u vermoed dat u kind die virus opgetel het, hou hulle asseblief tuis totdat die koors gebreek het en die blasies heeltemal droog is.
Dit help om ons skoolgemeenskap gesond te hou en oordrag te beperk.

**PÊRELS EN POPPE VROUEOGGEND MET HEIKI BERG**

Ons is baie opgewonde om op 7 Augustus ons Jakkie-mammas te kan vier met 'n baie spesiale vroueoggend saam met die bekroonde Heiki Berg. Almal is van 10:00 af welkom en ons sal 10:20 begin. Meer besonderhede sal op 'n latere stadium bekend gemaak word. Om dit vir ons moontlik te maak om vir hierdie oggend te beplan, het ons so vinnig as moontlik die getalle nodig van al die mammas wat dit graag sal wil bywoon.
Jakkie-dogters woon die oggend gratis by. Mammas wat dit wil bywoon, kan vanaf Maandag, 8 Junie tot en met Maandag, 22 Junie 'n kaartjie teen R100.00 koop. Hierdie geld word in die Jakkies Trustrekening inbetaal. Stuur dan jou bewys van inbetaling na jou registeronderwyser toe. Dit dien as jou bespreking. Jou fisiese kaartjie sal jy vroeg in Kwartaal 3 ontvang.







………………………………
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Leané & Zanli van Wyk (oupa oorlede)
Juf. Linette Carbutt (operasie)


Sterkte
met die
EKSAMEN!
Mag julle die vrugte pluk van
al die harde werk wat julle ingesit het.
Glo in julleself, werk rustig deur
elke vraestel en doen altyd
julle beste.
Onthou: voorbereiding en
deursettingsvermoë is die
sleutel tot sukses!
Doen
jou beste,
en wees trots
op jou poging.
Ons glo
in julle!
Bly kalm.
Bly gefokus.
Bly positief.
Jy kan dit doen.
Baie sterkte aan
al ons leerders!


Graad 4
koekieverkoping
Maandag, 8 Junie 2026


Baie dankie
aan die QLTC, Tarryn
en elke ouer wat
help verf het aan die
speelterrein voor die
Grondslagfase klasse.
Dit lyk pragtig en word
opreg waardeer!
10
8
9
7
5
6
4
2
3
1


Baie dankie
aan
JACOBSDAL
SPAR
wat vir ons 5 sokkerballe
geskenk het.
Dit word opreg waardeer

# EKSAMENROOSTER
## 8 Junie - 26 Junie 2026

| Dag: | Dat: | Gr 1: | Gr 2: | Gr 3: | Gr 4: | Gr 5: | Gr 6: | Gr 7: |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ma | 8 Jun | | | WISK 1 | SW<br>Gesk | | | ***NW*** |
| Di | 9 Jun | WISK | WISK | WISK 1 | ***NWT*** | SW<br>Gesk | | ***ENG<br>FAL*** |
| Wo | 10 Jun | WISK | WISK | LV | | ***AFR<br>HL*** | ***SW<br>Gesk*** | ***EBW*** |
| Do | 11 Jun | AFR<br>HL | AFR<br>HL | AFR 1<br>HL | ***ENG<br>FAL*** | | ***ENG<br>FAL*** | ***LO*** |
| Vr | 12 Jun | AFR<br>HL | AFR<br>HL | AFR 2<br>HL | ***AFR<br>HL*** | ***ENG<br>FAL*** | ***NWT*** | ***SW<br>Gesk*** |
| Ma | 15 Jun | ***SKOOL VAKANSIEDAG*** | | | | | | |
| Di | 16 Jun | ***JEUGDAG*** | | | | | | |
| Wo | 17 Jun | ENG<br>FAL | SS | ***AFR<br>HL*** | ***WISK*** | ***WISK*** | ***WISK*** | ***WISK*** |
| Do | 18 Jun | ENG<br>FAL | ENG<br>FAL | ***ENG<br>FAL*** | SS | SW<br>Geo | | ***AFR<br>HL*** |
| Vr | 19 Jun | SS | ENG<br>FAL | ***WISK*** | SW<br>Geo | | ***SW<br>Geo*** | ***SW<br>Geo*** |
| Ma | 22 Jun | LV | LV | SS | NWT | ***NWT*** | ***AFR<br>HL*** | SK |
| Di | 23 Jun | LV | LV | Eng<br>FAL | ***LV*** | ***LV*** | ***LV*** | ***TEG*** |
| Wo | 24 Jun | | | | | | | |
| Do | 25Jun | | | | | | | |
| Vr | 26 Jun | **SKOOL SLUIT: KWARTAAL 2** | | | | | | |

- [ ] Departementele vraestelle (Datum kan nie verander)

# Dis weer sulke tyd!!

# Gr 7 kook sop.

10 Junie 2026




Ons benodig asseblief bestanddele vir sop.
Sopbene, groente, soppakkies
of selfs pasta.

# WEDSTRYDBEPALINGS

## HOËRSKOOL HOPETOWN - TUISTE VAN DIE DAMARAS

GLO EN OORWIN

**HOËRSKOOL HOPETOWN** VS **JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL**

OPWAARTS · JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

**DATUM: 23 JUNIE 2026**
**PLEK: HOËRSKOOL HOPETOWN**

### Netbal
### HSH vs LSJ

| Tyd | Baan A | Baan B | Baan C |
|---|---|---|---|
| 12:00 | o/13 B | o/7 B | |
| 12:30 | o/11 A | o/8 A | o/10 A |
| 13:00 | o/12 A | o/7 A | o/9 A |
| 13:30 | o/13 A | HSH o/11 A vs LSJ o/11 B | |

### Rugby
### HSH vs LSJ

| Span | Tyd | Veld |
|---|---|---|
| o/7 | 12:00 - 12:25 | B |
| o/8 | 12:00 - 12:25 | B |
| o/11 | 12:00 - 12:45 | A |
| HSH o/10 vs LSJ o/9 | 12:50 - 13:35 | A |
| o/13 | 13:40 - 14:35 | A |

**TOEGANG: R20 PER TOESKOUER | R30 PER VOERTUIG**


**DANKIE AAN AL ONS BORGE**

OVK · GWK · BIGGI WORLDWIDE | PREMIUM | POPCORN · Reinke

DEKALB · santam · 50 YEARS+ NASHUA · MELT BRITS FINANCIAL PLANNERS PTY LTD · MBN MUST BE NICE www.mustbeniceclothing.co.za



**1 MARKSTRAAT, HOPETOWN, 8750 | ADMIN@HSHOPETOWN.CO.ZA | 053 203 0053**